

Vrydag 27 Mei

Skrifgedeelte: 1 Johannes 5:6-12 (NAV)

Fokusgedeelte: 1 Johannes 5:11, 12

Die ewige lewe ... Net deur Jesus Christus!

Die ewige lewe is die finale bestemming van elke gelowige. Daar is alles volmaak en onbeskryflik heerlik, en daar sal ons God wat op die troon sit (Op. 4), van aangesig tot aangesig sien. Lees gerus weer Openbaring 21 en 22 wat oor die nuwe Jerusalem handel. Wonderlik sal dit wees!

Hoe kom ons egter daar? Daar is net een antwoord: “Wie die Seun het, het die lewe” (5:12). Jesus Christus, die Seun van God en self God, is die enigste sleutel tot die ewige lewe. Daar is nie ’n ander pad na die ewige lewe nie. “God het die ewige lewe gegee en die lewe is deur die Seun.”

Kyk net: God gee die ewige lewe en God gee sy Seun (5:11). God maak sy hand en sy hart oop oor sondaars en Hy gee dit alles uit genade. Sien dit raak!

Wat vra Hy van ons? Geloof! Glo dit met jou hele hart! Eien hierdie gawes wat God gee met jou hele hart toe en moet nooit daarvoor twyfel nie. Wat meer is, elkeen wat in die Seun van God glo, het nou reeds deel aan die ewige lewe. Ons hoef nie te wag om dit aan die einde van die lewe te ontvang nie, ons het dit nou reeds en eendag sal ons dit volmaak besit (vgl. HK So. 22).

As gelowiges is ons die mees bevoorregte mense wat daar is, want ons het ’n Middelaar en Verlosser, Jesus Christus, die Seun van God! Voed jou geloof deur elke dag te delf in die rykdom van die evangelie wat Jesus Christus aan ons verkondig!

Sing: Skrifberyming 5-3:2, 4, 5

Ds. Pieter J van der Walt (Emeritus)